**13 Oktober** **Skrifgedeelte: Romeine 16:17-27**
**Fokusgedeelte: Romeine 16:25**

## Prys God vir die goeie nuus

In sestien hoofstukke het Paulus sy brief aan die gemeente in Rome voltooi. Dit is ‘n lang brief met een gelaaide vers na die ander. Die boodskap van vryspraak uit genade is onder woorde gebring, maar meer as dit, Jesus Christus lewe, en jy hoef aan die byna ongelooflike boodskap nie te twyfel nie. Paulus was in die oordra van die boodskap bloot maar ‘n boodskapper. Deur hom het die evangelie tot by jou gekom. Dit is die almagtige God wat jou verkies het, aan jou die geheimenis van sy wonderplan uitgespel het.
Daar staan in Romeine 16:25: “God besit al die mag. Niemand in die hemel of op die aarde is so sterk soos Hy nie. God sal sorg dat jy in Hom bly glo.”
Moenie twyfel in wat jy dwarsdeur die Romeinebrief gelees het nie. Verheerlik God in jou lewe, maar ook deur jou lewe. Doen dit deur te glo en te sê: Aan God al die eer. Prys Hom as ‘n verloste wat weet jy het dit nie verdien nie en sê: “Loof God, loof sy Naam alom! Loof Hom om Sy moëndhede, om die menigvuldigheid van Sy mag en majesteit – voor Sy troon en hier benede!” Doen dit dag vir dag totdat jou Verlosser kom om jou as verloste tot Hom te neem!
Sing: Psalm 150:1-3 Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)